

## God se Verbondsverbintenisse

### 1. Inleiding

Ek is daarvan oortuig dit is noodsaaklik om 'n goeie begrip oor God se verbonde te ontwikkel om 'n geheelbeeld van die Bybelse boodskap, en dus van God se openbaring aan die mensdom oor hoe Hy met mense werk, te hê. En as 'n mens eers die verbonde verstaan kan 'n mens voortgaan om die doop en die verskillende dooppraktyke (d.w.s. belydenisdoop vs kinderdoop) te debatteer.

### 2. Definisie van "Verbond"

'n Verbond kan gedefinieer word as:

'n Verbintenis oor lewe en dood wat een party soewerein sluit met 'n ander party.

Dit is belangrik om raak te sien dat 'n verbond 'n ooreenkoms is tussen 2 (of meer) partye. Hierdie ooreenkoms gaan oor belangrike aspekte, as 'n reël gaan dit oor lewe en dood. Een van die twee partye neem die inisiatief en skryf voor wat die inhoud van die verbond is. Dit sluit in waartoe hierdie party hom/haar verbind, en ook wat die gevolg vir die ander party sal wees as hy/sy die verbond nakom of nie nakom nie. In die Skrif is daar verskillende partye wat verbonde sluit:

- a. Mens met mens (Gen 21:27, 32; 2 Sam 3:12-13)
- b. God met mens (Gen 15:18 (Abraham); Ex 24:8, Deut 5:2 (Moses); 2 Kron 21:7, Ps 89:3 (Dawid), Jer 31:33, 33, Eseg 37:26 (Nuwe Verbond))
- c. Mens met God (2 Kon 11:17; 2 Kon 23:3; 2 Kron 29:10) – Dit is egter belangrik om raak te sien dat mens net 'n verbond met God kan sluit nadat God die verbond met die mens opgerig het.

Ons gaan slegs fokus op die verbonde waar God die inisiatief neem, en 'n verbond met mense sluit. Die volgende 7 verbonde sal bespreek word:

- a. Verbond met Adam voor die sondeval (Skeppingsverbond)
- b. Verbond met Adam na die sondeval (Aanvangsverbond)
- c. Verbond met Noag (Bewaringsverbond)
- d. Verbond met Abraham (Verbond van die Belofte)
- e. Verbond met Moses (Wetsverbond)
- f. Verbond met Dawid (Koninkryksverbond)
- g. Nuwe Verbond (Verbond van Vervulling)

Ek hoop om aan te toon dat hierdie verbonde nie los staan van mekaar nie, maar dat elke verbond voortbou op die voriges - en as al die verbonde gesamentlik beskou word, beskryf dit op 'n duidelike manier hoe God met mense werk.

### 3. Verbond met Adam voor die Sondeval (Skeppingsverbond)

Die Bybel begin met die skeppingsverhaal. Ons moet verstaan omdat God die Skepper is en ons die skepsels impliseer dit dat God in beheer is (die skepping is Sy eiendom). Hy kan m.a.w. besluit oor hoe Hy met mense gaan werk en wat Hy van hulle gaan verwag.

Dit is so dat die term verbond nêrens in Gen 1-2 gebruik word nie, maar dit word wel duidelik dat God sekere opdragte vir Adam en Eva het. As hulle dit nakom, sal hulle lewe, en as hulle dit nie nakom nie, sal hulle sterwe. Ons het dus die elemente van 'n verbond, en daarom kan ons dit 'n verbond noem.

Daar is 4 opdragte wat God vir die mensdom het:

- Onderhou die sabbat (Gen 2:2-3)

Na God se skeppingswerk het Hy op die sewende dag gerus, en Hy het bepaal dat dit 'n gereelde rusdag moet wees (m.a.w. elke 7de dag moet daar gerus word) en Hy het dit geheilig. Die term "heilig" beteken "afgesonder", en die punt is dus dat God se verwagting is dat die mens elke sewende dag moet afsonder om te rus. In Eks 20:8-11 herhaal God die opdrag, en gebruik weer as rede dat God na die skepping op die sewende dag gerus het. Maar let op in die Ou Vertaling staan daar "Gedenk die sabbatdag..." Lees nou Deut 5:12-15. Hier kry ons weer 'n herhaling van die opdrag om te rus, en ook die opdrag om te dink - Israel moes die dag spesifiek gebruik om te dink oor hoe God hulle uit Egipte gelei het, en by implikasie moet ons natuurlik dink oor hoe God ons uit die sonde-slawehuis gelei en gered het. Eks 31:17 (OAV) verduidelik dat God Homself verkwik het op die sewende dag. Dit volg dus dat ons op hierdie dag nie moet werk nie, maar ons self moet verkwik deur te dink oor ons verlossing in Jesus Christus. Maar die sabbatsrus kyk ook verby elke sewende dag: Heb 4:1-11 verduidelik dat almal wat glo eendag in God se rus sal ingaan, waarmee bedoel word dat ons die hiernamaals in God se teenwoordigheid gaan deurbring, soos wat ons nou al verkwik word deur elke sewende dag te rus van ons gewone werk en op die Here te fokus. Anders gestel: elke sewende dag het ons 'n voorsmaak van die ewigheid ('n stukkie hemel op aarde)

- Werk/heers oor die skepping (Gen1:26, 28; 2:15,19)

In Gen 1:26 lees ons dat God die mens geskape het as Sy beeld, oftewel as Sy verteenwoordiger. Dit het ingehou dat die mens moet heers oor al die diere (selfs vir hulle name gee) en die tuin moes bewerk. Kortom, die mens moes heers oor die skepping. In Eks 20 word dit verder uitgewerk: behalwe dat ons moet rus op die sewende dag, is die opdrag ook dat ons 6 dae moet werk. God is baie ernstig

daaroor dat ons moet werk: "wie nie werk nie, moet nie eet nie" (2 Tes 3:10-12)

- Huweliksinstelling met die opdrag om te vermeerder (Gen 1:28, 2:18-25)

Die huweliksverhouding tussen 'n man en vrou is heilig omdat dit deur God ingestel is. Hierdie is die intiemste verhouding wat tussen 2 mense kan bestaan, want God het Eva gemaak deur een van Adam se ribbebene te gebruik. Dit is selfs meer intiem as die ouer-kind verhouding - daarom dat 'n man sy ouers sal verlaat en een sal word met sy vrou. Hierdie is 'n eksklusiewe verhouding tussen 'n man met sy vrou (dus 'n een-tot-een verhouding). Lees ook Mat 19:4-6 en Ef 5:31-32.

God het vir Eva geskep om Adam te help (Gen 2:18), en nie andersom nie (Lees ook 1 Kor 11:8-9). Maar ons moet ook direk hiermee saamlees dat hoewel sy Adam moes help, was sy sy gelyke (Gen 2:18). Die man is dus die hoof, en God hou hom verantwoordelik as hoof. Die vrou is sy hulp, maar andersins is hulle voor God gelyk - byvoorbeeld beide het dieselfde behoefte aan redding en word op dieselfde manier gered (Gal 3:28). Die man kan dus nie neersien op sy vrou nie, maar moet haar met liefde toevou (Ef 5:25). Die vraag is: Waarin moes Eva vir Adam 'n hulp wees? Kyk na Gen 1:28: God gee aan Adam die opdrag om te vermeerder en die aarde te vul. Hierin moet Eva hom help.

- Mag nie eet van die boom van alle kennis nie (Gen 2:16-17)

Hier het ons 'n spesifieke fokuspunt van God se opdragte aan die mens net na die skepping. Adam en Eva mag van al die bome in die tuin eet, behalwe van die boom van alle kennis (oftewel soos die OAV dit stel: die boom van kennis van goed en kwaad). En, voeg God by, die dag as hulle hiervan eet, sal hulle sekerlik sterwe (onthou dat 'n verbond tipies oor lewe-en-dood-sake handel - op grond hiervan kan ons dus met reg van 'n verbond praat). Oppervlakkig beskou, is dit nogal 'n vreemde opdrag, veral as ons in gedagte hou dat die vrugte van die boom nie giftig was nie (hulle het immers later daarvan geëet en nie direk fisies gesterwe nie). Lees Deut 8:3 en Mat 4:1-4. God het behae daarin dat ons as mense moet leer dat ons onvoorwaardelik na Hom moet luister. As Hy sê ons mag nie van die boom eet nie, dan moet ons onvoorwaardelik gehoorsaam wees, selfs al lyk die vrugte hoe aantreklik. Ons moet leer om maar een begeerte te hê, en dit is om onvoorwaardelik aan die Here gehoorsaam te wees. Hierdie is 'n kardinaal belangrike punt om te verstaan, en ons gaan, soos wat ons deur die verbonde werk, sien hoe ernstig God hieroor is, en ook hoe heerlik Sy plan is om seker te maak Sy gelowige kinders gaan by daardie punt uitkom!!

Hoekom gee God juis hierdie 4 opdragte aan Adam en Eva? Dink hieroor: Die eerste 3 opdragte dek in beginsel my hele lewe: my geloofslawe (onderhou die sabbat), my huwelik (en gesinslawe) en my daaglikse werk (heers oor die

skepping). Ja, soos wat ons verder in die Bybel lees word hierdie opdragte in fyner detail uitgewerk, maar die beginsels is hier in die eerste 2 hoofstukke van die Bybel reeds vasgelê. Onthou ook, hierdie opdragte word gegee voor die sondeval. Voordat sonde enigiets besoedel het, is hierdie die verwagtinge wat God van die mens het: Werk hard vir 6 dae in die skepping van die Here - en as jy hier Sy goedheid en grootheid sien, sonder dan die sewende dag af, dink oor die Here, eer Hom en word so verkwik. Intussen, vermeerder en vul die aarde, want God wil hê dat daar baie moet wees wat dit doen. En voeg hierby die 4de opdrag: Wees in alles onvoorwaardelik gehoorsaam aan die Here. In wese is dit wat God van Sy skepsels verwag. En die res van die Bybel verduidelik vir ons God se plan om te verseker dat dit sal realiseer!

Ten slotte, hierdie skeppingsverbond is 'n werksverbond (die verbonde waarna ons hierna gaan kyk is anders in die sin dat hulle genadeverbonde is). Hiermee word bedoel God het die opdragte gegee, en Adam en Eva het 'n vrye wil gehad om die verbond na te kom, of nie na te kom nie. As hulle dit sou nakom sou hulle in die paradys bly voortlewe, maar as hulle dit nie nakom nie, sou hulle sterwe. Die uitslag het dus van hulle eie dade (of werke) afgehang, en daarom word dit 'n werksverbond genoem.

Ons kan God se openbaring tot dusver opsom met die volgende stelling:

- **God wil geëer word deur 'n volk wat Hom onvoorwaardelik gehoorsaam omdat hulle verstaan Hy is dit waardig.**

Soos wat ons deur die opvolgende verbonde werk gaan ons hierdie opsomming elke keer opdateer met wat God verder bygevoeg het soos wat Hy meer en meer van Homself openbaar.

4. God se Verbond met Adam na die sondeval - Aanvangsverbond (Gen 3)  
Genesis 3 is 'n baie belangrike hoofstuk as ons God se plan, en dus God se verbonde, goed wil verstaan.

Let op die slinksheid van die duiwel (vers 2): "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?". Sy doel is om God belaglik te maak: Kan jy dit glo, God skep julle en plaas julle tussen al die bome, en dan mag julle van niks eet nie! Hoe kan julle so 'n God wil dien?

Eva help die satan reg, en sê dat hulle van al die bome mag eet, behalwe van die boom van kennis van goed en kwaad (oftewel die boom in die middel van die tuin), want dan sal hulle sterf (vers 2-3). Let egter op Eva dik ook bietjie aan as sy sê die Here het gesê hulle mag nie eers daaraan vat nie. Dit is asof die saadjie reeds by haar begin posvat dat die Here onredelik was met Sy opdrag - presies wat die satan wou bereik.

Die satan gaan verder met sy slinkse plan in verse 4-5: "Julle gaan nie sterf as julle van daardie boom eet nie, julle gaan dan soos God word deurdat julle alles kan ken (of in die OAV: julle sal goed en kwaad ken)". Aan die een kant is die satan verkeerd, want hulle sal sterf as hulle van die boom eet, maar aan die ander kant het hy ook 'n punt beet: Onthou die boom is die boom van

kennis van goed en kwaad. Die boom word nie sonder rede hierdie naam gegee nie. Tot nou toe het Adam en Eva net kennis van die goedheid van die Here gehad (immers het God alles goed geskep), maar die oomblik as hulle van daardie boom eet, gaan hulle die toorn van die Here ervaar as hy reageer op hulle ongehoorsaamheid. Dit is kardinaal belangrik om te onthou hoekom God aan hulle hierdie opdrag gegee het: God wil hê dat hulle Hom gewillig dien, en daarom verwag Hy van hulle onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Solank hulle gehoorsaam is, het hulle net kennis van die goedheid van die Here. As hulle ongehoorsaam is, sal hulle die toorn van die Here ervaar - en dus kennis van goed en kwaad ervaar.

En dan val Eva (en Adam) voor die versoeking. Hulle eet, omdat die vrugte aanloklik was, en omdat dit kennis kon gee (vers 6). Hier is ons by die wortel van sonde: Eva eet, omdat dit kennis kan gee, en sy glo wat die satan vir haar vertel het: as sy die kennis sou hê sal sy soos God wees. Maar God deel Sy eer met niemand nie. Hy het haar geskep om Hom gewillig te dien - nie om Sy gelyke te word nie!

Direk word hulle bewus van hulle naaktheid - hulle is nou ontbloot. En tipies mens, begin hulle direk hulle eie oplossing vir die probleem soek deur vyeblore vir klere te gebruik. Maar die Here val nie hiervoor nie, en konfronteer hulle en die satan. En as die Here hulle konfronteer, beskuldig Adam vir Eva en Eva vir die slang. God oordeel egter oor aldie.

Eerstens oordeel God die slang, as verteenwoordiger van satan. Die slang word vervloek onder al die diere (vers 14). In vers 15 stel die Here vyandskap in tussen die satan en Eva, en tussen die satan se nageslag en Eva se nageslag. Die vraag is wie is die nageslag van die satan? Ons moet dit op twee vlakke verstaan: Aan die een kant is dit die ander gevalle engele wat navolgers is van die satan (Matt 25:41 "duiwel en sy engele", Op 12:7-9 "draak en sy engele"), en aan die ander kant is dit mense wat die duiwel navolg i.p.v. God (1 Joh 3:12 Kain, Luk 3:7 onbekeerdes, Joh 8:44 "kinders van die duiwel"). Die implikasie hiervan is dat die nageslag van die vrou nie alle mense insluit nie, maar slegs die wat hulle vertrou in die Here stel. Ons hoef maar net rondom ons te kyk om te sien dat hierdie vyandskap tussen gelowiges en die duiwel, sy bese engele en ongelowiges inderdaad in werking getree het soos die Here beloof het, en dat dit steeds vandag aan die orde van die dag is.

Maar die Here gaan verder in vers 15 en demonstreer Sy genade - Hy sê die nageslag van die vrou sal die kop van die slang vermorsel, terwyl die slang Hom in die hakskeen sal byt. Onder die term "nageslag van die vrou" wil ons direk aan alle gelowiges dink, maar let op in die tweede deel van die sin sê die Here Hy (enkelvoud) sal die kop van die slang vermorsel. So daar is spesifiek Een wat die slang sal oorwin, en dit is Jesus Christus wat gebore sou word uit die nageslag van Eva. Die vermorseling sal egter met stryd gepaard gaan (die slang sal Hom in die hakskeen byt), maar die oorwinning is seker - en in Kol 2:14-15 lees ons van die oorwinning van Christus oor die duiwel en sy engele.

Tweedens oordeel God oor Eva (vers 16). Daar is twee oordele oor haar: Sy sal swaarkry met haar swangerskappe, en sy sal na haar man hunker en hy sal oor haar heers. Die eerste oordeel is baie duidelik - ons sien elke dag die swaar wat vrouens belewe tydens die geboorte van hulle kinders. Ons sien ook die tweede oordeel: die vrou sal daarna hunker om oor haar man te heers, maar haar man is aangestel as haar hoof. Kyk maar net na die spanning in talle huwelikke en ons sien die oordeel van die Here. Maar ons moet ook die genade van die Here in Sy oordele oor die vrou raaksien: Sy sal steeds kinders in die wêreld bring. Al het sy en Adam in ongehoorsaamheid verval, het die Here nie afgesien van Sy oorspronklike plan nie. Hy wil steeds hê dat hulle moet vermeerder en die aarde vul - soos wat Sy plan aan die begin was. Die sondeval het nie God Sy plan laat verander nie!

Derdens oordeel God oor Adam (Vers 17-19). Die oordeel oor Adam is dat hy hard en swaar gaan moet werk om aan die lewe te bly. Waar hy vantevore vrugte kon pluk en eet, gaan daar nou dorings en dissels wees - en ons belewe dit elke dag in ons tyd. Maar een of ander tyd gaan hy sterf - immers het God belowe as hulle van die boom eet gaan hulle sterwe! Maar let ook op, God het voor die sondeval verwag dat hulle moet heers oor die aarde, en hy verwag steeds dieselfde van Adam. Die sondeval het nie God Sy plan laat verander nie! Voor die sondeval het Adam gewerk in die tuin en is telkens met die goedheid van die Here gekonfronteer (God het die wêreld goed geskape). Na die sondeval werk Adam steeds, maar Hy sien goed (die aarde bring steeds kos vir hom voort) en kwaad (dorings en dissels) - dit is die gevolg van sy eet van die boom van kennis van goed en kwaad.

Al oordeel God oor al drie partye, sien ons telkens God se genade: by die oordeel oor die satan is daar die belofte van Christus, by die oordeel oor Eva is daar die genade dat sy steeds kinders gaan kry en dat die Verlosser eendag uit haar nageslag gebore sal word, en by die oordeel oor Adam is daar die genade dat hy steeds mag eet. Maar die grootste genade is dat God oorwinning belowe vir die nageslag van die vrou - deur Christus! Voor die sondeval moes Adam en Eva self gehoorsaam wees aan die Here (daarom 'n werksverbond), maar na die sondeval beloof God om deur die Een uit die vrou die bese te oorwin, en om soos ons later sal sien, namens Sy kinders gehoorsaam te wees - hierdie verbintenis van God is niks anders as 'n genadeverbond nie (God beloof om dit Self te doen)! In 'n sekere sin, was Adam en Eva na die sondeval beter af - want die toekoms is nou in God se hand, en hang nie meer af van hulle eie gehoorsaamheid nie!

Opsommend het God tot op hierdie punt in die geskiedenis die volgende geopenbaar:

- God wil geëer word deur 'n volk wat Hom onvoorwaardelik gehoorsaam omdat hulle verstaan Hy is dit waardig (skeppingsverbond).
- Hierdie volk gaan net 'n deel van die mensdom wees en met hulle gaan God 'n besondere pad loop deurdat Hy 'n Verlosser gaan stuur wat die oorsprong van die sondeval in sy wortel (i.e. die duiwel en die sondige aard van die mens se hart) effektief gaan aanspreek (aanvangsverbond).

5. Verbond met Noag - Bewaringsverbond (Gen 6:17-22, Gen 8:20 - Gen 9:17)

In Gen 6:5 en verder lees ons dat die verdorwenheid van die mensdom groot was, en dat God hulle saam met die diere van die aarde sou afvee. Maar die Here het besluit om Noag te begenadig. Vanaf vers 14 beskryf die Here aan Noag hoe hy die ark moet bou, en in vers 18 sê God dat Hy met Noag 'n verbond wil sluit. Noag moet sy familie en twee van elke soort dier wat na hom sal kom saam met hom in die ark neem wanneer die Here die oorstroming stuur. Volgens vers 22 het Noag presies dit gedoen. God bewaar hom en die wat by hom is tydens Sy oordeel oor die sondige wêreld van Noag se tyd.

Wanneer die vloed verby is en Noag-hulle veilig uit die ark kom, lees ons in Gen 8:20 dat Noag 'n altaar bou en offers vir die Here bring, wat God dan ook aanvaar. En dan verbind die Here Homself in vers 21-22 dat Hy nie weer al die mense op hierdie manier sal uitroei nie en dat saaityd en oestyd sal voortduur solank as wat die aarde bestaan. In Gen 9:8-17 herhaal God hierdie verbintenis van Homself in 'n verbond met Noag, en om te verseker dat daar geen twyfel oor is nie, gee God as verbondsteken die reënboog, wat Hom voortdurend sal herinner aan hierdie verbintenis. Hoekom is dit so belangrik dat die aarde tot dan bewaar moet word? In Rom 10:18 lees ons dat daar geleentheid moet wees dat die woorde van die prediking tot aan die einde van die hele wêreld moet weerklink - daarom moet die aarde bewaar word.

Maar let ook op wat God vir Noag sê in Gen 9:1-7: Noag en sy seuns moet vrugbaar wees en baie word, en God stel al die diere tot hulle beskikking. Hulle mag van die plante sowel as die diere eet. Duidelik het God nog steeds nie afgewyk van Sy oorspronklike plan wat al van voor die sondeval in plek was nie! Hy verwag steeds dieselfde van Noag en sy seuns as van Adam en Eva. Die aarde sal bewaar word, hulle moet baie word, hulle sal kos hê om te eet - en dit sal die geleentheid gee dat almal die prediking kan hoor - want God berei vir Hom 'n volk voor om Hom gewillig te dien!

Duidelik het ons hier weer met 'n verbond te doen wat God met Noag en sy kinders sluit. Duidelik is dit weer 'n genadeverbond - Noag was deur die Here begenadig om gespaar te word. En verder is dit God wat Homself verbind om die aarde te bewaar tot met die einde - daarom noem ons dit die bewaringsverbond.

Maar ons moet in die sondvloed ook raaksien dat God sonde nie ongestraf laat nie. Hy oordeel definitief daarvoor. En die enigste mense wat Sy oordeel oorleef, is die wat in sy ark is (en die ark is 'n simbool wat Christus aandui). Al die ander sterf onder Sy oordeel. Dit is presies in lyn met wat Hy aan Adam, Eva en die satan gesê het na die sondeval, en dit is ook wat ons lees in 2 Pet 3:3-7.

Opsommend het God tot op hierdie punt in die geskiedenis die volgende geopenbaar:

- God wil geëer word deur 'n volk wat Hom onvoorwaardelik gehoorsaam omdat hulle verstaan Hy is dit waardig (skeppingsverbond).
- Hierdie volk gaan net 'n deel van die mensdom wees en met hulle gaan God 'n besondere pad loop deurdat Hy 'n Verlosser gaan stuur wat die oorsprong van die sondeval in sy wortel (i.e. die duiwel en die sondige aard van die mens se hart) effektief gaan aanspreek (aanvangsverbond).
- Die deel van die mensdom wat God nie verlos nie, sal aan die einde van die tyd verlore gaan onder God se oordeel. God gee egter genadetyd voor Sy finale oordeel sodat almal wat deel van Sy volk is, kan inkom (bewaringsverbond).

#### 6. Verbond met Abraham - Verbond van die Belofte (Gen 15:1-21, 17:1-17)

Vervolgens kom ons by die verbond met Abraham. Ons noem hierdie verbond ook die Verbond van die Belofte, omdat ons hier baie spesifieke beloftes van God aan Abraham gaan sien. Tradisioneel dink mense (veral kinderdopers) direk aan die verbond met Abraham as daar na die verbond in die algemeen verwys word. Ek hoop egter dat dit uit hierdie skrywe duidelik sal wees dat alhoewel ons hier by 'n baie spesiale aspek van die verbond is, God se verbond baie meer aspekte behels, en dat hierdie verbondsluiting inskakel by 'n groter openbaring van God aan die mensdom wat vanaf Genesis geleidelik al hoe meer en meer duidelik word tot ons op die ou end by die Nuwe Verbond uitkom, waar God se openbaring werklik tot sy volle reg kom.

In Gen 15 word die verbond formeel gesluit. Die aanvoorwerk word egter alreeds in Gen 12 begin. In Gen 12:1-3 kry Abram die opdrag om te trek uit sy land uit. Die Here gee vir hom 3 beloftes: 'n land om in te woon, 'n groot nasie sal uit hom voortkom, en God sal hom seën. Let op, dit is God wat die inisiatief neem. Abram het nie hiervoor gevra nie - God het soewerein besluit om hierdie beloftes aan hom te maak. Op hierdie stadium is Abram 75 jaar oud (Gen 12:4).

Heelwat tyd verloop. In Gen 15 kom die Here weer na Abram en herhaal dieselfde beloftes:

- Ek is jou skild en jou beloning is groot (Gen 15:1, OAV)
- 'n Groot nageslag (Gen 15:5)
- Die beloofde land (Gen 15:7)

Ons moet nie Gen 15:6 mis nie: Abram het in die Here geglo, en God het hom dit tot geregtigheid gereken (OAV). Hierdie vers lê aan die hart van hierdie gebeure, en soos ons in die loop van die studie sal sien, word die hart van die evangelie in die Nuwe Testament: "die regverdige sal deur die geloof lewe" (Rom 1:17). Onthou wat ons gesê het was God se doel reg van die begin af (Skeppingsverbond): Hy wil verheerlik word deur mense wat Hom gewilliglik en onvoorwaardelik gehoorsaam. Met die sondeval het die mens besluit om dit nie te doen nie. Maar wat ons hier sien is dat daar wel 'n manier is om weer met God versoen te word - en dit is deur te glo aan die beloftes van die Here, dit lei tot Abram se geregtigheid (d.w.s so word die verhouding tussen hom en God herstel). Ons sal later sien dat dieselfde beginsel steeds geld in die Nuwe Verbond. Let op: God maak die beloftes aan Abraham. Al



wat Abraham moes doen is om die beloftes te glo. Hy hoef self niks anders te doen nie!

Teen hierdie tyd het Abraham egter begin wonder hoe dit alles gaan realiseer. Hy glo die beloftes van die Here, maar hy worstel met God oor die feit dat hy al so oud is en steeds nie 'n kind het nie (Gen 15:2-4), en hoe kan hy seker wees dat die land waar hy nou is (dit is die beloofde land) vir altyd aan hom gaan behoort (Gen 15:7-8). En weereens is God die een wat besluit om Abram se geloof te versterk deur vir hom 'n teken te gee waaraan hy kan vashou. Lees Gen 15:10-17. Die Here beveel hom om 'n aantal diere middeldeer te sny en die helftes teenoor mekaar te lê. En dan, teen sonder, as Abram aan die slaap is, gaan daar 'n rokende oond en brandende fakkel tussen die stukke deur - en God bevestig sy belofte. Wat ons moet raaksien is dat tipies by so 'n verbondsluiting sou beide partye tussen die stukke deurbeweeg, en simbolies dui hulle daarmee aan hulle aanvaar as hulle nie hulle onderskeie verantwoordelikhede binne die verbond nakom nie, sal met hulle gedoen word wat met die diere gedoen is. Wat uniek is by hierdie verbondsluiting is dat Abram slaap, terwyl God alleen tussen die stukke deurbeweeg. Hoe moet ons hierdie teken verstaan? Kyk na die volgende:

- Hierdie is 'n teken van God se genade: Abram is, soos Adam en alle mense, 'n sondaar. Maar God demonstreer aan Abram dat Hyself in Abram se plek (Abram sit eenkant en slaap as dit gebeur!!) deur die stukke sal deurbeweeg en daardeur versoening met God bewerk. Natuurlik is dit 'n heenwys na Christus wat in ons plek, sonder dat ons dit geweet het, aan die kruis vir ons sondes sou betaal.
- Hier is egter ook 'n ernstige waarskuwing aan Abram: Sodra Abram nie meer vashou aan die beloftes van die Here nie, sal met hom gebeur wat met die diere gebeur het - dit sal sy einde wees.

Al wat God van Abraham verwag is om God se beloftes te glo. Die res sal Hy doen! Duidelik is hierdie 'n genadeverbond! Maar Abram moet glo - anders is hy onder God se oordeel. Dit is dus terselfdertyd ook 'n voorwaardelike verbond - soos wat ons hieronder sal sien.

In Gen 16 lees ons van Abram en Sarai se plan "om die Here te help" sodat daar darem 'n nageslag kan wees. Maar hulle kleingeloof bring nie God van stryk om te doen wat Hy in elk geval beplan om te doen nie. God is soewerein, en het nie ons hulp nodig nie.

In Gen 17 is Abram nou al 99 jaar oud, en behalwe vir Ismael, steeds kinderloos! Maar weereens herhaal die Here dieselfde verbondsbeloftes aan hom (Gen 17:4-7):

- "Ek sal jou God wees, en ook die God van jou nageslag"
- 'n Groot nageslag (nou selfs baie nasies)
- Die beloofde land

En God verander sy naam na Abraham, wat hom moes herinner dat hy die vader van baie nasies sal wees.

In verse 7 en 8 maak God dit baie duidelik dat hierdie verbond wat hy met Abraham sluit 'n ewige verbond is. Dit staan vas vir altyd. Ons moet dit

onthou, veral as ons later oor die Nuwe Verbond gaan praat. Die implikasie van die feit dat die Abrahamverbond 'n ewige verbond is, moet ten minste wees dat die Nuwe Verbond nie hierdie verbond ongeldig kan maak nie. Ons sal later hierop terugkom.

In vers 9 maak God dit baie duidelik dat alhoewel hierdie verbond 'n genadeverbond is, wat rus op die beloftes van die Here, is dit voorwaardelike beloftes. Abraham en sy nageslag moet die verbondsvereistes nakom. Wat beteken dit? Aan die eenkant moet Abraham die beloftes van die Here glo. As hy nie glo nie, sal hy stukkend gesny word soos die diere (d.w.s. sterf). As hy wel glo, geld al die beloftes van die Here vir hom. Maar let op: ongeag of Abraham dit glo of nie, die beloftes van die Here staan steeds. Maar as Abraham die beloftes van die verbond wil laat realiseer in sy lewe, moet hy dit glo.

En om seker te maak dat Abraham dit nie vergeet nie, stel God die besnydenis in. God is baie spesifiek as Hy voorskrifte gee oor wie besny moet word (Gen 17:10-14):

- Abraham self
- Al sy seuns: die wat reeds gebore was, dus Ismael (vers 23), en ook alle nuutgebore seuntjies op die ouderdom van 8 dae, soos wat later die geval sou wees met Isak (Gen 21:4)
- Slawe: alle slawe wat reeds in Abraham se besit was plus hulle seuns, asook alle nuwe slawe en dié se seuns wanneer hulle deur Abraham gekoop word, (d.w.s. sodra hulle in Abraham se huis kom) en alle slaweseuns wat in sy huis gebore sou word.

Hoekom juis die besnydenis as teken? Onthou wat God se doel van die begin af was: Hy bou vir hom 'n volk van mense wat Hom gewilliglik dien. Hy skep net 2 mense, en daarna verwag Hy van hulle om te vermeerder, en dus gee Hy 'n teken aan die manlike geslagsorgaan.

Hoekom moes Abraham nie net self besny word nie, maar ook sy seuns en almal in sy huis? Want die belofte geld vir hulle almal: Glo, en jy sal gered (geregverdig) word! Die beginsel is dat sodra iemand (kind of slaaf) in die huis van Abraham kom, sal die persoon gekonfronteer word met die belofte: as jy glo, sal jy gered word. En hulle elkeen mag hierdie belofte persoonlik vashou, en vertrou dat die inhoud daarvan sal realiseer. Maar hulle moet ook elkeen verstaan, as hulle nie die beloftes glo nie, sal hulle sterf. Isak het die beloftes geglo, en is gered. Ismael het dit nie geglo nie, en gaan verlore. Maar hulle het beide in hulle ouerhuis die (voorwaardelike) belofte van die Here gekry, en is dus besny. Die fisiese besnydenis aan hulle liggame het egter nie die verskil gemaak nie, maar die feit of hulle geglo het of nie. Die besnydenis moes vir Isak baie bemoedigend wees (sy besnydenis het hom voortdurend herinner: "Ek kan vashou aan die beloftes van die Here"), terwyl dit vir Ismael veroordelend moes wees (sy besnydenis moes hom voortdurend herinner: "Ek weet van die beloftes van die Here, maar verwerp dit"). Dieselfde beginsel het vir die slawe gegeld.

Hierdie beginsel dat dit nie soseer die fisiese besnydenis is wat die verskil maak nie, word duideliker gemaak as ons Deut 10:16 OAV lees: "Besny dan die voorhuid van julle hart" en Deut 30:6 OAV: "En die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die Here jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe". Dit is duidelik, as jy wil lewe, moet jy aan die hart besny wees. Let ook op: dit is God wat die hart besny. Dit is nie die fisiese besnydenis aan die liggaam wat die verskil maak nie, maar of God jou hart verander het of nie - ons noem hierdie hartsverandering wedergeboorte. Wedergeboorte (hartsbesnydenis) maak die verskil tussen lewe en dood - nie die fisiese besnydenis nie. Wat die fisiese besnydenis wel doen is om te herinner aan die noodsaak van hartsbesnydenis, en aan die heerlike gevolge wat dit sal hê as iemand wel in die hart besny is. Hoe het Abraham geweet of hy in die hart besny was? Hy het die beloftes van die Here geglo (wedergeboorte loop altyd uit op geloof). Dus kan ons sê: Omdat Abraham geglo het, wat die bewys is dat hy in die hart besny is (d.w.s. wedergebore is), daarom is dit hom tot geregtigheid gereken, en daarom sal hy lewe.

Paulus maak hierdie beginsel baie duidelik in Rom 4:9-12. Hy maak weer die punt, soos wat ons nou al verskeie male gesien het, dat Abraham geregverdig (NAV: vrygespreek) is omdat hy geglo het. Dan vra hy spesifiek die vraag: Wanneer is Abraham geregverdig? Toe hy fisies besny was? Of voor hy fisies besny was? En die antwoord is duidelik: voor hy fisies besny was - dit is tog wat ons in Gen 17 lees: hy het al geglo, en eers daarna het God die besnydenisopdrag gegee, en is hy besny. Abraham se geregtigheid het dus nie van sy fisiese besnydenis afgehang nie, maar van sy geloof (oftewel wedergeboorte). Paulus gaan verder en maak die volgende stelling: Omdat Abraham die vader van alle gelowiges is, daarom is hy die vader van die wat fisies besny is en glo, sowel as van die wat nie fisies besny is nie, en tog glo. Kom ons maak dit prakties:

- Abraham het eers geglo, en is daarna besny. Die resultaat is dat hy geregverdig is.
- Isak is eers besny, en het daarna tot geloof gekom. Die resultaat is hy is geregverdig.
- Ismael is besny, maar het nooit tot geloof gekom nie. Die resultaat is hy is nie geregverdig nie.

Dit is dus duidelik: Dit is nie die fisiese besnydenis wat die verskil maak nie, maar dit waarheen die fisiese besnydenis wys, naamlik die besnydenis van die hart, wat altyd uitloop op geloof.

Dit is ook insiggewend om Hand 15 te lees. Die situasie hier is dat meer en meer nie-Jode, d.w.s. mense wat nie as kinders besny is nie, tot geloof gekom het. Sommige Jode het gevoel wanneer hulle tot geloof kom, moet hulle besny word. Dit is tog in lyn met die opdrag aan Abraham: sodra 'n slaaf in sy huis kom, moet die slaaf en sy seuns besny word. Hierdie nie-Jode word effektief nou deel van God se huisgesin, en daarom moet hulle besny word. Daar is 'n hele debat oor die saak in hierdie hoofstuk. Die uiteinde is dat daar besluit word om nie hierdie mense te besny nie. Die hoofargument vir hierdie uiteindelijke besluit is in vers 9: God het hulle harte gereinig deur die geloof. Weereens, geloof is die onderkeidende faktor, nie die fisiese besnydenis nie.

Ons sien in Hand 15 dat daar 'n wegbeweeg is van die besnydenis. Soos wat die vier van die pasga in die Ou Testament (Verbond) plek gemaak het vir die nagmaal in die Nuwe Testament (Verbond), sien ons ook wat die besnydenis betref, 'n verandering. As jy deur Handeling lees, word dit baie duidelik dat mense gedoop is wanneer hulle tot geloof gekom het, en Hand 15 leer ons dat hulle nie meer besny hoof te word nie. 'n Belangrike vraag is dus: Het die doop in die plek van die besnydenis gekom? Kol 2:6-12 gee vir ons belangrike insigte hieroor: In verse 6 en 7 maak Paulus die stelling dat die Kolossense gelowiges is, en dus verbonde is met Christus, oftewel hulle is in Christus. In vers 8 waarsku hy hulle dat hulle nie weggevoer moet word deur allerhande leringe van mense nie, want hulle is in Christus (verse 9 en 10). In vers 11 redeneer Paulus omdat hulle in Christus is, daarom beteken dit dat hulle besny is - hy maak dit baie duidelik dat hy nie bedoel hulle is fisies besny nie (besnydenis wat deur mense verrig word), nee wat hy bedoel is dat hulle in Christus besny is, en die gevolg hiervan is dat hulle sondige natuur weggeneem is. Ons kan dit in ander terme uitdruk: Dit beteken hulle is wedergebore, oftewel hulle harte is besny, oftewel hulle het die belofte van die Here geglo dat Jesus die Een is wat namens hulle tussen die stukke dooie diere deurbeweeg het toe Hy aan die kruis gesterf het. M.a.w. wat Paulus van die Kolossense sê, is dat hulle gered is deur geloof in Jesus Christus. En dan maak Paulus in vers 12 hierdie stelling: Wanneer het dit gebeur? By die doop! En jy moet die gevolgtrekking maak: die doop en die besnydenis wys na dieselfde saak, naamlik wedergeboorte. Met dit in gedagte, lees nou Titus 3:5 waar Paulus die stelling maak dat ons gered word deur die bad van die wedergeboorte (OAV). Hier het ons weer die beeld dat die wedergeboorte in die Nuwe Testament beskryf word as 'n reinigingsaksie - presies wat die doop is. Dus: (1) omdat die gebruik van die besnydenis afgeneem het in die Nuwe Testament, en die doop 'n al hoe meer prominente plek ingeneem het, en (2) omdat die Nuwe Testament op dieselfde manier praat van die doop en die besnydenis (naamlik dat dit heenwys na besnydenis van die hart, oftewel wedergeboorte), kan ons aanvaar dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Ek glo ook dat die besnydenis in die Ou Testament gebruik is omdat Abraham en sy nageslag moes vashou aan die belofte van die Verlosser wat nog moes kom, en uit hulle nageslag gebore sou word - daarom juis dat die teken van die verbond op daardie stadium in die geskiedenis aan die manlike geslagsorgaan gekoppel was. Maar in die Nuwe Testament kyk ons nie meer vorentoe na die koms van die Verlosser nie, maar kyk ons terug na die reiniging wat Hy vir die wat glo bewerk het, en daarom is die doop nou 'n meer gepaste teken. (Dit is soortgelyk aan die pasga wat in die Ou Testament gepaard gegaan het met die slag van die paaslam, maar wanneer Jesus gekom het en as die Paaslam gesterf het, kyk ons in die Nuwe Testamentiese tyd terug na Sy sterwe deur in die nagmaal brood te eet en wyn te drink.)

Natuurlik is hier belangrike implikasies vir hoe ons die doop in die Nuwe Testament moet bedien - en ons sal hierna terugkeer as ons spesifiek oor die doop praat. Maar intussen kan ons dit sê: Onthou, die Abrahamverbond is 'n ewige verbond. Tensy die Here iewers spesifiek ander beginsels gee oor wie gedoop mag/moet word, is 'n goeie vertrekpunt dat die wat besny is in die Ou

Testament, ook in die Nuwe Testament gedoop moet word. Op hierdie stadium sou ons dink die volgende maak sin:

- Kinders van gelowiges (soos Ismael en Isak)
- Persone wat nie vantevore gedoop is nie en later tot geloof gekom het (soos die slawe wat Abraham gekoop het)
- En die kinders van mense wat tot geloof kom en nie vroeër gedoop is nie (soos die kinders van Abraham se nuwe slawe)

Nou moet ons vir 'n oomblik teruggaan na wat ons gesê het God se doel was tydens die skeppingsverbond en die aanvangsverbond. Ons het die skeppingsverbond opgesom met: **God wil geëer word deur 'n volk wat Hom onvoorwaardelik gehoorsaam omdat hulle verstaan Hy is dit waardig.** Wat ons in die Abrahamverbond sien is dat God steeds besig is om vir hom 'n volk bymekaar te maak - daarom die belofte aan Abraham dat hy die vader van 'n groot nageslag gaan wees. Verder sien ons ook 'n baie belangrike verdere ontwikkeling in die Abrahamverbond: God maak duidelik hoe dit moontlik gaan wees dat hierdie volk hom onvoorwaardelik gaan gehoorsaam: Hy gaan hulle harte besny! Hulle gaan nuwe harte ontvang. Verder, ons het die aanvangsverbond opgesom met: **Hierdie volk gaan net 'n deel van die mensdom wees en met hulle gaan God 'n besondere pad loop deurdat Hy 'n Verlosser gaan stuur wat die oorsprong van die sondeval in sy wortel (i.e. die duiwel en die sondige aard van die mens se hart) effektief gaan aanspreek.** Wat uit die Abrahamverbond duidelik word is dat die deel van die mensdom wat wel deel van God se volk is, dié is wat in die hart besny is. Vir hulle gaan God verlos deur dat Hy namens hulle tussen die stukke diere deurbeweeg, en hy gaan hulle sondige aard verander deurdat Hy vir hulle nuwe harte gaan gee. Ek hoop die punt word duidelik dat al hierdie verbonde 'n eenheid vorm, en dat God deur die loop van die openbaringsgeskiedenis (dit beteken deur die Bybelgeskiedenis) ons stap vir stap dieper in Sy plan in lei.

Die verbond met Abraham is duidelik 'n groot en heerlike stap in God se ontwikkeling in die openbaring van Sy verlossingsplan. Opsommend, tot hier, het God dus die volgende geopenbaar:

- **God wil geëer word deur 'n volk wat Hom onvoorwaardelik gewillig gehoorsaam omdat hulle verstaan Hy is dit waardig (skeppingsverbond).**
- **Hierdie volk gaan net 'n deel van die mensdom wees en met hulle gaan God 'n besondere pad loop deurdat Hy 'n Verlosser gaan stuur wat die oorsprong van die sondeval in sy wortel (i.e. die duiwel en die sondige aard van die mens se hart) effektief gaan aanspreek (aanvangsverbond).**
- **Die deel van die mensdom wat God nie verlos nie, sal aan die einde van die tyd verlore gaan onder God se oordeel. God gee egter genadetyd voor Sy finale oordeel sodat almal wat deel van Sy volk is, kan inkom (bewaringsverbond).**
- **Die deel van die mensdom wat God verlos gaan 'n groot groep wees uit baie volke, van wie Abraham die vader is. Hy onderneem om hulle God te wees en te doen wat nodig is om hulle daar te bring. Hy beloof vir hulle 'n land as erfenis. God verwag egter dat hulle Sy beloftes sal**

glo (i.e. dat hulle Hom onvoorwaardelik op Sy woord sal neem) en dui aan dat 'n hartsbesnydenis hiervoor nodig is. Hy gee die fisiese besnydenis as teken om hulle voortdurend aan hierdie noodsaak te herinner (verbond van die belofte).

#### 7. Verbond met Moses / Wetsverbond (Eks 24, Deut 5-7:16)

In Eksodus 2:23-24 lees ons van die volk Israel in Egipte en dat hulle sug en kreun onder die werk wat hulle moes doen. Let op dat die nageslag van Abraham intussen gegroei het tot 'n hele nasie, soveel so dat die Egiptenare deur hulle bedreig gevoel het - soos wat die Here aan Abraham belowe het. In vers 24 word spesifiek genoem dat God hulle gekerm gehoor het en aan Sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink het. Wat God hierna gaan doen staan dus nie los van die vorige verbond nie. Ons kan 'n verdere uitbou ver wag van hoe God met Sy volk werk.

Hierna volg die geskiedenis van die tien plae, op die ou end trek Israel uit Egipte, deur die Rooisee, waar die Egiptenare verdrink, en in Eksodus 19 kom die Israeliete by Sinaïberg. In verse 3-6 roep God vir Moses op die berg. God herinner Moses aan hulle verlossing uit Egipte, en maak dit duidelik dat as hulle God se volk (koninkryk) wil wees, hulle God moet gehoorsaam en Sy verbond moet nakom. Dit herinner ons aan die feit dat die verbond wat God met Abraham gesluit het 'n voorwaardelike verbond was. Abraham en sy nageslag moes besny word, wat heengewys het na die noodsaaklikheid om in die hart besny te wees - en wat God nou gaan duidelik maak is hoe die lewe behoort te lyk van iemand wat aan die verbond van die Here gehoorsaam is en dus in die hart besny is.

By Sinaï gee God aan die volk Sy wet. Die wet bevat verskeie voorskrifte:

- Morele wet (Eks 20:1-17): Beginsels waarvolgens God wil hê dat hulle moet lewe as Sy volk
- Voorskrifte vir die beoefening van hulle godsdiens (Eks 20:22-26, 25-31)
- Voorskrifte vir hulle lewe as burgers binne die volk (Eks 21-23)

Lees Eks 24:1-18 en Deut 5-7:16. Uit die gedeeltes is dit duidelik dat die Here 'n verbond sluit. Ons lees dat Moses by hierdie geleentheid offers aan die Here bring, en hy lees die verbondsboek aan die volk voor (Eks 24:7). Duidelik bevat hierdie boek al die opdragte wat God aan Moses gegee het, en God wil dat hulle hiervolgens moet lewe wanneer hulle in die beloofde land kom (Deut 6:1). En die volk reageer hierop deur te onderneem dat hulle dit sal doen. Moses sprinkel die helfte van die bloed van die offerdiere op die altaar, en die ander helfte sprinkel hy op die volk.

Dit is baie belangrik om die volgorde raak te sien:

- God sluit eers die verbond met Abraham en beloof dat hy 'n groot nageslag sal hê en dat hulle in die beloofde land sal woon
- Dan verlos God Israel (wat alreeds gegroei het tot 'n nasie) uit Egipte
- Eers as hulle klaar verlos is en op pad is na die beloofde land, gee Hy die wet aan hulle.

Die beginsel is dat God nie van Israel verwag om die wet te onderhou om deel van Sy volk te word nie, maar wel dat á s hulle deel van Sy volk is, hulle volgens sy wet moet lewe. M.a.w. hulle word eers deel van God se volk, en daarna verwag Hy hulle moet leef soos Hy wil omdat Hy hulle reeds begenadig het deur hulle te red.

Duidelik vloei die Mosesverbond voort uit die Abrahamverbond. Gal 3:17 maak dit baie duidelik dat die gee van die wet (dus die Mosesverbond) glad nie die Abrahamverbond opgehef het nie. Soos ons vantevore gesê het: die Abrahamverbond is 'n ewige verbond. Ons moet dit onthou wanneer ons later oor die Nuwe Verbond gaan praat.

Daar is 2 aspekte van die Mosesverbond/Wetsverbond wat uitgelig moet word:

- Unieke aard van die Mosesverbond

In Eks 34:28, Deut 4:13, 5:22, en 9:9-11 word ons pertinent vertel dat God self die 10 gebooue (oftewel die sogenaamde morele wet) op twee kliptafels geskryf het. Dit is die enigste deel van die Bybel wat God direk self geskryf het. Die res is deur mense onder leiding van die Heilige Gees geskryf - maar die 10 gebooue het God fisies self geskryf. Daarom moet dit belangrik wees. Dit is ook betekenisvol dat dit op kliptafels geskryf is. Aan die een kant dui dit aan dat dit nie verander mag word nie (m.a.w. permanensie - ons sal ook hierna moet terugkom as ons oor die Nuwe Verbond praat), maar aan die ander kant moet ons ook raaksien dit beteken dit is "ekstern tot die mens" - m.a.w. dit is 'n stel gebooue wat waar is ongeag of die volk dit gehoorsaam of nie, en dit is nie iets wat noodwendig maklik gaan wees vir die volk om te onderhou nie. Ons sal ook hierna terugkom as ons oor die Nuwe Verbond praat.

- Mosesverbond is organies deel van God se reddingsplan

Ons het reeds in ons studies van die verbonde met Adam, Noag en Abraham gesien dat dit nie vreemd was dat God opdragte gee wanneer Hy hierdie verbonde opgerig het nie. M.a.w. reeds voor die wet formeel op Sinaï gegee is, het God al die verwagting gehad dat die mens sal lewe soos Hy wil - immers dit was die doel van die begin af dat God verheerlik wil word deur 'n volk wat Hom gewillig dien. "Dien" beteken tog om te doen wat God wil. Wanneer God by Sinaï Sy wet in soveel detail gee, is dit 'n verdere stap om presies aan die volk duidelik te maak wat Sy wil is. Van hier af verder aan in die Ou Testament is dit ook duidelik dat die wet 'n belangrike rol speel: Kyk maar na Dawid in 1 Kon 2:1-4, of lees Psalm 119:97 en Hos 8:12.

Die vraag is of die wet nog belangrik is in die Nuwe Testament (oftewel in die Nuwe Verbond). As mens gedeeltes soos Rom 6:14, 7:6 of Gal 3:23-25 oppervlakkig lees, lyk dit of die wet se rol tydelik was, en nou verby is. Maar lees mens gedeeltes soos Mat 5:17-19 of Rom 7:7,12 word presies die teenoorgestelde indruk geskep, en word ons ernstig gewaarsku dat die wet steeds staan en belangrik is. Hoe moet ons dit verstaan?

Ons moet raaksien dat die term "wet" op verskeie maniere in die Bybel gebruik word:

- Kyk na Rom 2:21-23. As Paulus hier na die wet verwys, bedoel hy duidelik die 10 gebooue. Dit is duidelik uit die voorbeelde wat hy noem dat hy juis na die 10 gebooue verwys.
- In Rom 3:21 bedoel Paulus met die term "wet en profete" effektief die Ou Testament.
- In Rom 3:27 praat hy oor die "wet van die werke". Oftewel: Is dit moontlik dat iemand gered kan word deurdat hy die wet self onderhou?

Ons sal dus moet onderskei wat bedoel word met die term "wet" wanneer ons na spesifieke tekste kyk.

Om dit beter te verstaan is die brief aan die Galasiërs baie insiggewend. Die Galasiërs het geworstel tot watter mate moet hulle nog aan die praktyke van die Ou testament vashou (soos bv die besnydenis).

- Lees Gal 2:15-21. In Gal 2:17 maak Paulus dit baie duidelik: niemand word gered deur die wet te onderhou nie. - nee, ons word alleenlik gered as ons in Jesus Christus glo! Hy gaan selfs sover in vers 21 om te sê dat as dit moontlik was dat ons gered kon word deur die wet te onderhou, sou dit beteken dat Christus verniet gesterwe het! Dit is doodeenvoudig onmoontlik om gered te word deur die wet te onderhou! En daarom kan hy in vers 19 sê dat hy vir die wet dood is, m.a.w. die wet is hoegenaamd nie belangrik of relevant vir sy redding nie. Nee, hy word gered deurdat hy in Jesus glo (regverdigmaking deur die geloof).
- En let op: dit is presies hoe Abraham gered is. Lees Gal 3:1-14. Soos ons in die studie van die verbond met Abraham gesien het, is hy geregverdig omdat hy geglo het aan die beloftes van God (Gal 3:6).
- En om die punt absoluut te onderstreep argumenteer Paulus Abraham kon doodeenvoudig nie deur wetsonderhouding gered word nie omdat die wet (dus die Mosesverbond) eers 430 jaar later gegee is! (Gal 3:17)
- As jy egter nie glo nie (in die Ou Testament nie die beloftes van die Here geglo het nie, of in die Nuwe Testament nie in Jesus Christus glo nie), is jy buite die verbond van die Here en moet jy vir jou eie geregtigheid werk - en dan is die wet belangrik. Ongelukkig kan geen mens op sy eie daaraan voldoen nie, en daarom veroordeel die wet sulke mense. Dit is Paulus se argument in Gal 4:24-31: Hagar en Ismael verteenwoordig die Sinaiverbond (oftewel die Mosesverbond / wetsverbond). Hulle het nie die belofte van die Here geglo nie, en moes nou self aan al God se vereistes voldoen (d.w.s die wet onderhou). Daarteenoor, Sara en Isak het aan die beloftes vasgehou en is op grond van hulle geloof geregverdig.
- Dit is ook hoe ons gedeeltes soos Rom 6:14 en 7:6 moet verstaan: As dit by regverdigmaking kom, speel wetsonderhouding geen rol nie.
- 'n Geldige vraag is nou: Wat is dan die doel met die wet? Paulus vra self die vraag (Gal 3:19). In Gal 3:23-24 verduidelik hy dat die wet 'n rol gehad het as sogenaamde tugmeester (sien OAV vers 24) oftewel as "kinderoppasser" totdat Christus sou kom. In die Ou Testament het die gelowiges nog net die belofte van die Messias gehad - die Messias het nog nie gekom nie. En die wet is gegee om hulle op 'n besondere



manier op te pas totdat die Messias sou kom. Dit is waarom God by Sinai bo en behalwe die 10 gebooe, ook al die godsdienstige voorskrifte gegee het rondom byvoorbeeld die offers wat gebring moes word. Dit moes die volk voortdurend op 'n sigbare en tasbare manier herinner aan die Verlosser wat oppad is. Maar dit was tydelik, en is opgehef die oomblik wat Christus gekom het as die ware offer. Lees Heb 10:1-10. Hier word dit baie duidelik gemaak dat die bring van offers bloot tydelik was tot en met Christus se koms, en dat hierdie offers nooit werklik versoening vir die sonde van die volk gedoen het nie. Alleen Christus kan werklik versoening bewerk. Weereens is hierdie belangrik om te onthou wanneer ons oor die Nuwe Verbond gaan praat, en wat werklik nuut is in die Nuwe Verbond.

Wat van die 10 gebooe? Is hulle steeds belangrik vir die gelowige vandag? Ons weet hulle is nie belangrik as dit kom by ons regverdigmaking nie, maar is hulle andersins steeds belangrik? Paulus vra hierdie vraag in Rom 6:15 en 7:7. In Rom 6:15-17 argumenteer Paulus as jy dan in Christus glo (en dus geregverdig is), is dit tog net logies dat jy gaan doen wat God behaag - en dit is by implikasie om sy morele wet (die 10 gebooe) te onderhou. In Rom 7:7-24 argumenteer Paulus dat die doel van die wet is om my juis my sonde te leer ken. En hoe meer ek bewus word van my sonde, hoe meer word ek oortuig ek kan nie gered word deur wetsonderhouding nie - alleen Jesus Christus kan dit doen (vers 25). Geen wonder nie dat hy in vers 12 uitroep: "Die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is heilig en reg en goed". Ons moet ook in hierdie lig verstaan wat Christus in Mat 5:17-20 leer: die (morele) wet is hoegenaamd nie opgehef nie, trouens Hy het juis gekom om dit sy volle betekenis te laat kry. Dit is die rede waarom daar soveel ander gedeeltes in die Nuwe Testament is wat ons op verskeie maniere herinner aan dieselfde beginsels as wat in die 10 gebooe opgeteken is - kyk byvoorbeeld na die bergpredikasie of al die sogenaamde praktiese dele van die briewe van die apostels.

Ons dink dikwels net aan Christus se lyding as die manier waardeur Hy vir ons geregtigheid bewerk het. Daar is egter 'n ander aspek wat net so belangrik is: Hy het ook in ons plek die wet volkome onderhou! En boonop is Hy die vervulling van die wet - al die offerdiere wat deur die eeue geslag is het na Hom gewys!

Ons kan nou opsom: God het tot op hierdie punt in die openbarings-geskiedenis die volgende geopenbaar:

- God wil geëer word deur 'n volk wat Hom onvoorwaardelik gewillig gehoorsaam omdat hulle verstaan Hy is dit waardig (skeppings-verbond).
- Hierdie volk gaan net 'n deel van die mensdom wees en met hulle gaan God 'n besondere pad loop deurdat Hy 'n Verlosser gaan stuur wat die oorsprong van die sondeval in sy wortel (i.e. die duiwel en die sondige aard van die mens se hart) effektief gaan aanspreek (aanvangs-verbond).

- Die deel van die mensdom wat God nie verlos nie, sal aan die einde van die tyd verlore gaan onder God se oordeel. God gee egter genadetyd voor Sy finale oordeel sodat almal wat deel van Sy volk is, kan inkom (bewaringsverbond).
- Die deel van die mensdom wat God verlos gaan 'n groot groep wees uit baie volke, van wie Abraham die vader is. Hy beloof vir hulle 'n land as erfenis. Hy onderneem om hulle God te wees en te doen wat nodig is om hulle daar te bring. God verwag egter dat hulle Sy beloftes sal glo (i.e. dat hulle Hom onvoorwaardelik op Sy woord sal neem) en dui aan dat 'n hartsbesnydenis hiervoor nodig is. Hy gee die fisiese besnydenis as teken om hulle voortdurend aan hierdie noodsaak te herinner (verbond van die belofte).
- God maak baie duidelik wat Sy wil is waarvolgens Sy volk moet leef. Hy gee sy wette deur 'n middelaar, Moses, aan die volk. Hierdie wette bevat Sy morele wet, wat op kliptafels geskryf was, en wat vir alle tye as beginsels sou geld vir lewe in Sy koninkryk. Dit bevat ook 'n stel besondere wette om die volk te bewaar tydens die interim periode tot tyd en wyl Sy belofte van 'n Verlosser sou realiseer (wetsverbond).

#### 8. Verbond met Dawid / Koninkryksverbond (2 Sam 7)

Teen die tyd dat Dawid as koning heers in Israel het verskeie ontwikkeling al reeds gebeur:

- Die volk Israel het aangegroei tot 'n groot volk, tot so 'n mate dat hulle tot 'n groot mate al die ander volke wat in Kanaän gewoon het, kon verdryf.
- Die volk is nou al vir geruime tyd in die die beloofde land Kanaän.
- Na die rigterstyd word eers Saul koning van Israel, maar na God hom verwerp het word Dawid deur die Here as koning aangestel (2 Sam 5:1-5).
- Dawid vestig homself in Jerusalem, die sogenaamde Dawidstad, en bring die ark van God ook soontoe (2 Sam 6:1-18).

As ons terugdink aan die beloftes van God aan Abraham dat hy die vader sou word van 'n groot nageslag en dat hulle in die beloofde land sou woon, moet ons hier raaksien dat dit (in 'n sekere sin) waar geword het. En boonop het hulle 'n koning wat deur God self aangestel is wat oor hulle heers. As ons oor die res van die Ou Testamenteiese geskiedenis dink wat hierna volg, word dit duidelik dat die volk se geskiedenis 'n hoogtepunt bereik tydens Dawid se regering.

in 2 Sam 7:2 spreek Dawid die begeerte uit dat hy vir die Here 'n huis wil bou - hy oordeel dit is nie reg dat hy in 'n paleis woon, terwyl die ark van die Here in 'n tent staan nie. God oordeel egter anders: Hy het nooit die opdrag gegee dat so 'n huis gebou moet word nie (vers 6-7), en herinner Dawid daaraan dat Hy Dawid as koning aangestel en suksesvol gemaak het (vers 8-16). En dan maak die Here aan Dawid die volgende belofte: Die Here gaan vir Dawid 'n koningshuis vestig (vers 11), en dit impliseer dat daar vir altyd iemand uit die nageslag van Dawid gaan wees wat op die troon sal sit (vers 12-13). In vers 14 onderneem die Here dat Hy vir hierdie koning 'n vader sal wees en die koning sal vir Hom 'n seun wees - hierin moet ons duidelik raaksien dat hierdie 'n verdere uitbouing is van die verbond met Abraham (Gen 17:7-8). Let

op, dit gaan nie Dawid wees wat vir altyd gaan heers nie, maar iemand uit sy nageslag gaan vir altyd heers. Die Here onderneem selfs dat as die nageslag van Dawid wat heers ontrou is, sal dit tot gevolg hê dat die Here hom sal straf, maar dit sal nooit die belofte van die Here in gevaar stel nie: daar sal een uit Dawid se nageslag op die troon heers.

So, Dawid wou vir die Here 'n huis bou, maar die Here onderneem om vir Dawid 'n (konings)huis te bou!

Maar ons ken die Ou Testamentiese geskiedenis: Na Dawid heers sy seun Salomo. Alhoewel dit aanvanklik goed gaan en God hom met baie wysheid seën, en hy selfs 'n spoggerige tempel vir God bou, gaan dit later in sy lewe nie so goed nie. In 1 Kon 11:11-13 oordeel die Here dat Hy egter getrou sal bly aan sy belofte aan Dawid en darem 'n deel van die volk deur Salomo se seun laat regeer. As Salomo sterwe, verdeel die koninkryk: 10 stamme volg Jerobeam as koning, en net Juda en Benjamin volg Rehabeam (Salomo se seun) as koning. Na Rehabeam word Abia koning oor Juda - en weer lees ons in 1 Kon 15:4 dat die Here Abia aanstel om sodeoende getrou te bly aan Sy belofte aan Dawid. En dan volg die een koning na die ander: sommige vrees die Here, maar die meeste vrees Hom nie. Die Here stuur verskeie profete om te waarsku, maar later word die punt bereik waar eers die 10 stamme weggevoer word na Assirië, en later die 2 stamme na Babel. En ons sou met reg kon wonder: wat het nou van die belofte aan Dawid geword? Selfs as die volk terugkeer uit ballingskap en weer in Kanaän bly en die tempel herbou, is dit maar 'n skamele tempel in vergelyking van wat Salomo gebou het. Wat het geword van die ewige koningshuis wat God aan Dawid belowe het?

In Rom 1:2-4 maak Paulus duidelik hoe ons dit moet verstaan: Die Een uit die nageslag van Dawid wat vir ewig gaan heers, is Jesus Christus! Nie net is Hy uit die nageslag van Dawid gebore nie, Hy is terselfdertyd ook die Seun van God. En in Heb 1:8 lees ons dat Sy koningskap vir ewig vas staan! Oftewel in die woorde van Jes 9:5-6: "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal die koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg."

Ons kan God se openbaring tot hiertoe opsom:

- God wil geëer word deur 'n volk wat Hom onvoorwaardelik gewillig gehoorsaam omdat hulle verstaan Hy is dit waardig (skeppings-verbond).
- Hierdie volk gaan net 'n deel van die mensdom wees en met hulle gaan God 'n besondere pad loop deurdat Hy 'n Verlosser gaan stuur wat die oorsprong van die sondeval in sy wortel (i.e. die duiwel en die sondige aard van die mens se hart) effektief gaan aanspreek (aanvangs-verbond).

- Die deel van die mensdom wat God nie verlos nie, sal aan die einde van die tyd verlore gaan onder God se oordeel. God gee egter genadetyd voor Sy finale oordeel sodat almal wat deel van Sy volk is, kan inkom (bewaringsverbond).
- Die deel van die mensdom wat God verlos gaan 'n groot groep wees uit baie volke, van wie Abraham die vader is. Hy beloof vir hulle 'n land as erfenis. Hy onderneem om hulle God te wees en te doen wat nodig is om hulle daar te bring. God verwag egter dat hulle Sy beloftes sal glo (i.e. dat hulle Hom onvoorwaardelik op Sy woord sal neem) en dui aan dat 'n hartsbesnydenis hiervoor nodig is. Hy gee die fisiese besnydenis as teken om hulle voortdurend aan hierdie noodsaak te herinner (verbond van die belofte).
- God maak baie duidelik wat Sy wil is waarvolgens Sy volk moet leef. Hy gee sy wette deur 'n middelaar, Moses, aan die volk. Hierdie wette bevat Sy morele wet, wat op kliptafels geskryf was, en wat vir alle tye as beginsels sou geld vir lewe in Sy koninkryk. Dit bevat ook 'n stel besondere wette om die volk te bewaar tydens die interim periode tot tyd en wyl Sy belofte van 'n Verlosser sou realiseer (wetsverbond).
- Onder die bewind van Dawid bereik die Godsvolk 'n hoogtepunt: hulle woon in die beloofde land, het 'n groot volk geword, en Dawid tree op as koning en middelaar tussen die volk en God. Boonop ontvang hulle die belofte van 'n Koning uit Dawid se nageslag wat vir ewig sal heers. God verwag egter steeds gehoorsaamheid aan Sy wil vir die vervulling van hierdie beloftes, en met verloop van tyd word dit duidelik dat die volk nie hieraan voldoen nie. Gevolglik verloor die koning, die volk, die land hulle aansien. Maar die belofte van 'n ewige Koning staan steeds.

#### 9. Nuwe Verbond (Verbond van Vervulling)

Aan die einde van die vorige gedeelte het ons opgemerk dat ten spyte van die heerlike beloftes van die Here dit nie goed gegaan het met die volk soos wat ons die einde van die Ou Testament nader nie. 'n Mens sou wou redeneer al die heerlike verbonde wat die Here deur die eeue gesluit met verskillende partye, het eenvoudig nie "gewerk" nie. Die volk beweeg agteruit onder die bewind van toenemend meer goddelose konings. Die Here stuur profete om die volk voortdurend te waarsku, maar op die ou end besluit die Here dat selfs Juda in ballingskap weggevoer word na Babel toe.

Lees nou Jer 29:1-14. Hier word dit duidelik dat die Here beloof dat daar weer beter tye gaan kom. In Jer 30:3 onderneem die Here om die lot van Israel en Juda te verander, en dat hulle sal terugkeer na hulle eie land. Jer 31:1 bevestig dat die Here dit gaan doen omrede Hy hulle God is en hulle sy volk is (sien ook Jer 32:22). Ons weet teen hierdie tyd dat hierdie verwantskap tussen God en sy volk die inhoud is van die verbonde wat Hy deur die eeue met hulle voorgeslagte gesluit het. Dus, ten spyte van die haglike omstandighede, staan die Here steeds by Sy verbondsverbintnisse.

Lees Jer 31:28-34. Ten spyte van die feit dat die Here steeds by Sy verbondsbelofte bly om vir hulle 'n God te wees en hulle sy volk te maak, lees ons dat Jeremia vorentoe kyk en sien dat God 'n nuwe verbond met Juda en Israel gaan sluit (vers 31)! Volgens vers 32 gaan hierdie nuwe verbond nie

wees soos (ten minste dele van) die "ou" verbond nie, maar vers 33 maak weer die stelling dat in die nuwe verbond gaan God steeds hulle God wees en hulle gaan sy volk wees - presies wat God in die ou verbond onderneem het om te doen. Ons sal dus mooi moet verstaan wat nuut is in die nuwe verbond, en wat anders is.

Om die nuwe verbond beter te verstaan gaan ons na drie aspekte kyk:

- Kontinuiteit met die ou verbond versus nuutheid van die nuwe verbond
- Gemeenskaplike versus individuele verhoudings in die ou en nuwe verbond
- Interne versus eksterne inhoud van die ou en nuwe verbond

• Kontinuiteit met die ou verbond versus nuutheid van die nuwe verbond

In Gen 17:7 maak die Here pertinent die stelling dat die verbond wat Hy met Abraham oprig 'n ewige verbond is. Ps 105:7-11 bevestig dit. In ons studie oor die verbond met Moses het ons gesien dat sekere dele van die wet, naamlik die morele wet oftewel die 10 gebooie, steeds geldig is, terwyl ander gedeeltes van die voorskrifte wat God vir Moses gegee het soos die voorskrifte rondom offers wat gebring moes word, tydelik was en later verval het. In 2 Sam 7:13 en 16 is God baie duidelik daarvoor dat Dawid se koningshuis vir ewig gevestig sal wees. Ps 132:11-12 bevestig dit ondubbelsinnig.

As Jeremia dus in Jer 31:31-34 van 'n nuwe verbond praat, kan hierdie verbond nie in stryd wees met die Abrahamverbond of die Dawidverbond nie. As ons hierdie verse lees is dit duidelik dat dit inderdaad nie in stryd is nie: Jeremia onderstreep juis dat in die nuwe verbond God vir hulle 'n God sal wees, en hulle sal Sy volk wees - presies wat Hy destyds aan Abraham beloof het. Jeremia sê die verandering in die nuwe verbond het te doen met iets wat gebeur het toe God die volk uit Egipte laat trek het. Wat het toe gebeur? Hulle het by Sinai gekom waar God die wet gegee het - dus die verbond met Moses. Die nuutheid van die nuwe verbond het dus iets met die gee van die wet te doen. Ons sal verder moet besin oor die rol van die wet om die nuutheid van die nuwe verbond te verstaan.

Vers 32 verduidelik wat die probleem met die ou verbond was: die volk het nie die vereistes van die verbond nagekom nie - al was die Here steeds getrou aan Sy eie beloftes. Soos ons herhaaldelik vantevore gesien het: die Here wil gewilliglik gedien word (dit was al in die skeppingsverbond duidelik). As Hy verbondsbeloftes gee, dan is hierdie beloftes voorwaardelik: sy volk moet Hom gehoorsaam (kyk weer na die verbonde met Abraham, Moses en Dawid). Al gehoorsaam hulle hom nie, bly die Here se beloftes steeds staan, maar hulle trek nie noodwendig die voordeel daaruit nie. In die Aanvangsverbond met Adam net na die sondeval het God alreeds aangedui dat Hy hierdie probleem van die mens (naamlik dat hulle nie Sy opdragte kan of wil gehoorsaam nie) gaan aanspreek. Wat hier in die nuwe verbond gebeur, is dat God nie afsien van Sy beloftes nie, maar Hy maak hier duidelik hoe Hy Sy volk by die punt gaan bring waar hulle Hom wil, kan en sal gehoorsaam. M.a.w. dit is nie 'n nuwe verbond in die sin dat God 'n streep trek deur Sy vorige

verbonde nie. Hy gaan steeds voort met daardie verbonde, maar wat nuut bygevoeg word is hoe dit in die praktyk gaan realiseer dat sy volk aan die vereistes van hierdie verbonde kan voldoen.

Hoe werk dit in die praktyk? Kyk na die volgende twee aspekte van die ou versus die nuwe verbond.

- Gemeenskaplike versus individuele verhoudings in die ou en nuwe verbond

In Jer 31:29 word die beeld gebruik dat in "daardie tyd", i.e. in die tyd van die nuwe verbond, sal dit nie meer waar wees dat pa's groen druiwe eet en die kinders se tande word stomp nie. Vers 30 verduidelik wat dit beteken: Elke mens sal in die nuwe verbond oor sy eie sondes sterf. Dit skep die indruk dat in die ou verbond God nie met individue werk nie, maar eerder met die volk as 'n geheel, terwyl in die nuwe verbond God wel net met individue werk. Anders gestel: as die volk in die tyd van die ou verbond sondig, dan straf God die hele volk. Of as hulle God gehoorsaam, dan seën God die hele volk. Daar is heelwat voorbeelde waarna ons kan verwys wat dit oënskynlik onderstreep. Dink aan:

- a. Noag en sy familie wat bewaar word in die ark tydens die sondvloed.
- b. Akan en sy familie word gestraf as hy van die goed uit Ai vat (Jos 7:24).
- c. Korag, Datan en Abiram se families moet saam met hulle die straf op hulle sonde dra (Num 16:31-33).
- d. In die tweede gebod lees ons dat die sondes van die vaders 'n effek tot op die derde/vierde geslag sal hê, terwyl die kinders van God se kinders tot in die duisendste geslag voordeel trek (Eks 20:5-6).

En tog is daar net soveel voorbeelde waar God mense as individue oordeel, selfs al is hulle nou verwant. Dink aan: Kain vs Abel, Sem versus Gam en Jafet, Isak versus Ismael, Jakob versus Esau, Dawid versus Saul. Of dink aan die geloofshelde waarvan ons in Heb 11 lees - hier word telkens na hulle as individu verwys. Selfs in Jer 31:33 maak Jeremia self die stelling dat in die nuwe verbond God met Israel 'n verbond sal sluit, en dat hulle Sy volk sal wees - elke keer word verwys na die groep of die gemeenskap. Dit is dus nie so eenvoudig as: "in die ou verbond werk God met die volk, en in die nuwe verbond met individue" nie.

Hoe moet ons dit verstaan? Aangesien ons die Nuwe Testamentiese perspektief het, kan ons verstaan wat God hier bedoel. In die Ou Testament demonstreer God sy bemoeienis met die mensdom juis deur Sy bemoeienis met Israel, wat Sy uitverkore volk is. Alhoewel daar voorbeelde is van nie-Israeliete wat God gedien het (dink aan Ragab of Rut), was dit die uitsondering. En hulle het dan deel geword van die volk - dink maar aan die besnydenis voorskrifte aan Abraham waar selfs die slawe besny moes word omdat hulle deel van 'n Jood se groter huishouding geword het. In die Nuwe Testament (oftewel in die nuwe verbond) is 'n belangrike ontwikkeling dat die evangelie eers na

die Jode gegaan het (wat dit grotendeels verwerp het) en daarna is dit aan alle nasies verkondig. Jesus gee aan sy dissipels die opdrag tydens sy hemelvaart dat hulle dissipels van al die nasies moet maak (Mat 28:19). In Hand 10 en 11 word die geskiedenis beskryf van Petrus wat die gesig uit die hemel sien waarvolgens hy ook na die heidennasies toe moet gaan om die evangelie aan hulle te verkondig. Of dink aan Paulus se sendingreise en briewe aan gemeentes wat nie Jode was nie. In die nuwe verbond is daar meer gelowiges uit ander nasies as wat daar uit die Joodse volk is. Maar hulle hoef nie fisies deel te word van die Joodse volk om te deel in God se verbondsbeloftes nie.

In die ou verbond moes jy deel wees van die fisiese nageslag van Abraham (of jy moes ten minste deel geword het van die volk Israel) om te deel aan God se beloftes (en dus as jou pa groen druiwe eet, word jou tande stomp). Maar in die nuwe verbond is dit individue uit alle nasies wat deel word van God se "volk". Duidelik was die Ou Testamentiese Israel 'n tipe van die ware gelowiges (oftwel die ware nageslag van Abraham) in die Nuwe Testament, maar nou werk God met hulle as Afrikaners, Engelse, Zoeloes, Sothos, ens.

Maar netsoos Abraham of Isak of Jakob gered is omdat hulle geglo het, so moet mense wat in die tyd van die nuwe verbond leef ook glo. En netsoos Ismael en Kain verlore gegaan het omdat hulle nie geglo het nie, netso gaan ongelowiges in die tyd van die nuwe verbond verlore omdat hulle nie glo nie. Die verskil tussen die ou en nuwe verbond is ons hoef nie deel van die Joodse volk te wees nie!

- Interne versus eksterne inhoud van die ou en nuwe verbond  
Jer 31:33 gee die fokus van die nuwe verbond deur: God sal Sy wet op hulle harte skryf en in hulle gedagtes vaslê. Dit beteken dat die mense van die nuwe verbond harte sal hê wat die wet van die Here ken en sal soek. Vers 34 verduidelik dit verder: dit impliseer hierdie mense sal 'n begeerte hê om die Here te dien, en sal nie aanmekaar daaraan herinner hoef te word nie. Lees Jer 32: 36-41. Hier skryf Jeremia weer oor die nuwe verbond. Hy sê uitdruklik in die nuwe verbond sal mense 'n onverdeelde hart hê en hulle sal die begeerte hê om God te dien. Dit is sterk kontras met die wet wat by Sinai op kliptafels gegee is (Eks 32:15-16) - hier word dit op die tafels van die gelowiges se harte geskryf! Daarom word die onderskeid tussen die ou en nuwe verbond soms beskryf as dat die ou verbond ekstern was (op kliptafels) en die nuwe verbond intern (op ons harte). Ons moet egter verstaan dat God se verwagting bly dieselfde: Selfs in die ou verbond wou God hê dat hulle hom van harte moes dien - lees maar Deut 6:6, 11:18, 10:12, 16, 30:6, 14. Die verskil tussen die ou en nuwe verbond is dat God in die nuwe verbond dit moontlik gaan maak deurdat Hy dit op hulle harte gaan skryf.

Ons het reeds gesien dat die besnydenis 'n teken was wat die volk moes herinner aan die noodsaak van 'n besnydenis van die hart. In

Nuwe Testamentiese terme is die noodsaak aan 'n hartsbesnydenis dieselfde as 'n noodsaak aan wedergeboorte. Wat God dus belowe is om in die nuwe verbond aan gelowiges nuwe harte te gee. Lees Eseg 36:24-32. Hier verduidelik Esegïel hoe dit in die praktyk sal werk: God sal Sy Gees stuur wat ons sal wederbaar deurdar Hy die kliphart sal uithaal en vervang met 'n hart van vlees - en die resultaat sal wees dat ons volgens sy voorskrifte sal leef en sy bepalings sal gehoorsaam! En dit is natuurlik hoekom die Heilige Gees uitgestort is kort na Jesus se hemelvaart. So verander God ons om te doen wat Hy van die voor die sondeval van ons verwag het: gewillige gehoorsaamheid.

In Jer 31:34 beskryf God nog 'n eienskap van die nuwe verbond: Hy sal die mense van die nuwe verbond se sondes vergewe en nie meer daaraan dink nie. Natuurlik is dit juis wat Christus se lewe en sterwe laat realiseer het: ons sondevergifenis.

Wat dus in die nuwe verbond realiseer is dat God ons twee probleme aanspreek:

- a. Hy bewerk vir ons geregtigheid deur Christus se lewe en sterwe (dus word ons sondes vergewe en Jesus se gehoorsaamheid word ons toegereken), en
- b. deur die Heilige Gees verlos Hy ons van ons sondige natuur deur die wedergeboorte.

Voorwaar 'n volmaakte verlossingsplan! In die ou verbond maak God die noodsaaklikheid vir hierdie plan duidelik, en in die nuwe verbond realiseer dit.

Heb 8:1 -10:25 leer ons meer rondom die nuwe verbond. Kom ons kyk hierna:

- Heb 8:1-6: Jesus is 'n Hoëpriester. En soos alle hoëpriesters het Hy ook geoffer. Maar Hy is Hoëpriester van 'n nuwe verbond wat beter is as die ou verbond. Die ou verbond was slegs 'n afbeelding/skadubeeld van die nuwe verbond (vers 5). Die nuwe verbond is dus anders as die ou verbond in die sin dat die ou verbond 'n afbeelding is van die nuwe verbond - wat eintlik die verbond is waarvoor dit werklik gaan. Jesus is dus die ware Hoëpriester waarheen alle vorige hoëpriesters heengewys het.
- Heb 8:7-13: Hier het ons 'n letterlike aanhaling van Jer 31:31-34. En vers 13 maak dit duidelik die ou verbond is verby, uitgedien en het verdwyn. Wat nou geldig is, is die nuwe verbond.
- Heb 9:1-10: Die skrywer vat ons terug na die voorskrifte wat in die Ou Testament (oftewel verbond) gegeld het rondom die diens in die tempel. Hierdie voorskrifte is natuurlik die voorskrifte wat God op die berg vir Moses gegee het en wat die volk gehoorsaam moes nakom. Die stelling word spesifiek gemaak dat die Allerheiligste agter die voorhangsel 'n verbode plek was, en dat alleenlik die hoëpriester een maal 'n jaar daar kon ingaan. Wanneer hy daar ingegaan het dan moes hy met bloed gaan om versoening te doen vir sy eie sondes en vir die sondes van die volk. Die hartseer is dat hierdie offers nie werklik versoening kon bewerk nie - dit was uiterlike tekenings wat alleenlik moes heenwys na die tyd wanneer daar 'n beter orde sou bestaan.



- Heb 9:11-28: Toe Jesus as Hoëpriester kom, realiseer 'n hele paar dinge: Hy bring ook 'n offer, maar Sy offer is Sy eie bloed en nie die van bokke en bulle nie. Hierdie offer maak werklik rein (nie net uiterlik nie). Sy offer is 'n eenmalige offer wat vir ewig verlossing bewerk (hoef nie jaarliks herhaal te word nie). En so is Hy die Middelaar van die nuwe verbond. Let op, Hy het selfs versoening bewerk vir die mense van die ou verbond (vers 15). So het Jesus se offer versoening bewerk vir alle mense, mense in die ou en nuwe verbond. Al die offers van die ou verbond was bloot heenwysing na die werklike offer wat Hy sou bring. Wat nuut is, is dat die ware Hoëpriester gekom het, en eenmaal volledig vir alle mense se sondes versoening gedoen het deurdat Sy eie bloed gevloei het - en al die offers van die ou verbond het hoogstens hierheen gewys!
- Heb 10:1-10: Die argument word hier nog sterker gemaak, en in vers 9 word spesifiek gesê dat die bring van offers opgehef word aangesien die werklike offer nou gekom het.
- Heb 10:11-25: Hier is die punt: Ons het deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei (verse 19-20). Waar die Allerheiligste in die ou verbond 'n verbode plek was, het ons nou vrye toegang. Die feit dat die voorhangsel geskeur het toe Jesus aan die kruis gesterf het, is 'n verdere bewys dat ons nou vrye toegang tot God het deur Jesus Christus!

Al met al is die volgende duidelik: Die nuwe verbond beteken nie dat God 'n hele nuwe verbond instel nie. Die essensie is presies wat God nog van die begin af in Sy verbondsverbintenisse geopenbaar het. God maak steeds vir Hom 'n volk bymekaar wat Hom gewilliglik moet dien. Wat nuut is, is dat Hy duidelik maak Hy doen dit deur die eenmalige offer van Jesus se bloed (en nie deur die bloed van bokke en bulle nie - hulle het hoogstens vooruit na Jesus gewys) en deurdat Hy mense se harte verander (deur wedergeboorte gaan Hy hulle klipharte uithaal en vir hulle harte van vleis gee). Daar is dus 'n verandering in terme van die opdragte wat God in die Mosesverbond gegee het deurdat die eksterne rituele rondom die bring van offers opgehef is omdat die werklike offer, Jesus, gekom het - maar die res van die verbonde staan steeds!

Ons kan dus God se openbaring soos volg opsom:

- God wil geëer word deur 'n volk wat Hom onvoorwaardelik gewillig gehoorsaam omdat hulle verstaan Hy is dit waardig (skeppingsverbond).
- Hierdie volk gaan net 'n deel van die mensdom wees en met hulle gaan God 'n besondere pad loop deurdat Hy 'n Verlosser gaan stuur wat die oorsprong van die sondeval in sy wortel (i.e. die duiwel en die sondige aard van die mens se hart) effektief gaan aanspreek (aanvangsverbond).
- Die deel van die mensdom wat God nie verlos nie, sal aan die einde van die tyd verlore gaan onder God se oordeel. God gee egter genadetyd voor Sy finale oordeel sodat almal wat deel van Sy volk is, kan inkom (bewaringsverbond).

- Die deel van die mensdom wat God verlos gaan 'n groot groep wees uit baie volke, van wie Abraham die vader is. Hy beloof vir hulle 'n land as erfenis. Hy onderneem om hulle God te wees en te doen wat nodig is om hulle daar te bring. God verwag egter dat hulle Sy beloftes sal glo (i.e. dat hulle Hom onvoorwaardelik op Sy woord sal neem) en dui aan dat 'n hartsbesnydenis hiervoor nodig is. Hy gee die fisiese besnydenis as teken om hulle voortdurend aan hierdie noodsaak te herinner (verbond van die belofte).
- God maak baie duidelik wat Sy wil is waarvolgens Sy volk moet leef. Hy gee sy wette deur 'n middelaar, Moses, aan die volk. Hierdie wette bevat Sy morele wet, wat op kliptafels geskryf was, en wat vir alle tye as beginsels sou geld vir lewe in Sy koninkryk. Dit bevat ook 'n stel besondere wette om die volk te bewaar tydens die interim periode tot tyd en wyl Sy belofte van 'n Verlosser sou realiseer (wetsverbond).
- Onder die bewind van Dawid bereik die Godsvolk 'n hoogtepunt: hulle woon in die beloofde land, het 'n groot volk geword, en Dawid tree op as koning en middelaar tussen die volk en God. Boonop ontvang hulle die belofte van 'n Koning uit Dawid se nageslag wat vir ewig sal heers. God verwag egter steeds gehoorsaamheid aan Sy wil vir die vervulling van hierdie beloftes, en met verloop van tyd word dit duidelik dat die volk nie hieraan voldoen nie. Gevolglik verloor die koning, die volk, die land hulle aansien. Maar die belofte van 'n ewige Koning staan steeds.
- In die nuwe verbond kom al hierdie aspekte bymekaar. God maak dit duidelik dat Sy verlossingsplan uitkring na alle volke, tale en nasies. Hy maak duidelik dat die bring van offers bloot heengewys het na die werklike Offer, wat Jesus self is. Jesus kom, en Hy bring eenmalig 'n volmaakte offer, en almal wat hulle vertrou in Hom stel kry daarom vrye toegang tot 'n ewige verlossing. Terselfdertyd word die offerdiens gestaak, aangesien die werklike offer nou duidelik sigbaar is. God verander ook mense deur vir hulle nuwe harte te gee waarop sy wette geskryf is. Die gevolg hiervan is dat hierdie mense nie net skoon gewas is in Jesus se bloed nie, maar ook nuwe harte het wat Hom gewilliglik wil dien. En so het God 'n volmaakte verlossingsplan ingestel om die doel wat Hy van die begin af gehad het te laat realiseer! En boonop is Jesus ook die ewige Koning uit die nageslag van Dawid wat vir ewig sal heers!

Aan God kom toe al die eer! Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge!!